Sondag 05 Februarie

# Kouland 2

## Episode 4: Suigstokkie

**Kerngedagte :** Dit is makliker om stokkies te draai en verskonings uit te dink as wat dit is om aksie te neem. Die Here vra ons om ons verskonings voor Sy voete te sit. Hy wil ons verskonings in belonings verander wanneer ons kie som gehoorsaam aan Hom te wees.

**Doelwit :** Kinders gaan 'n refleksie aktiwiteit doen om te dink oor die areas in hul lewens waar hul nog stokkies draai met verskonings inplaas om aksie te neem.



**Sleutelteks:** 1 Johannes 5:14

**Bybelverhaal:** Die (suig) stokkiedraaier by Betesda - Johannes 5:1-17

Aan die begin van die jaar het almal die mooiste planne wat hul dinge in hul lewe gaan verander in die jaar wat voorlê. Baie mense besluit om te begin oefen, gesonder te eet, of selfs om hul geestelike reis saam met die Here sterker te kry.

Begin Januarie is dit nog redelik maklik om by jou planne te hou. Dinge is glad nie so dol soos wat dit einde verlede jaar was nie. Nee wat, hierdie planne pas maklik in by al jou ander dinge. Dan, skielik begin alles op een slag wegtrek. Al die verpligtinge en take is terug van hul vakansie. Skielik skarrel jy weer net soos wat jy gedoen het aan die einde van verlede jaar. Nou sal jy moet plan maak. Miskien is "laaste in eerste uit" die beste benadering. Hierdie nuwe planne wat nou eers toegevoeg is tot jou lewe sal moet wag. Die warrel staan vir niemand stil nie...

Wanneer laas het jy 'n suigstokkie geëet? 'n Mens kry mos van daar mense wat 'n suigstokkie tot op sy stok sal kan eet. Dan kry mens ander wat glad nie die gedraaiery vir so lank kan aanhou nie. In die middel van die stokkiedraai, byt hul hom sommer middeldeur om by die punt te kom.  Gelukkig is daar nie 'n slegter of 'n beter manier om die heerlike soet geur van 'n suigstokkie te geniet nie. Daar is wel 'n beter manier om die wonderlike geur wat die Here vir ons lewe beplan te geniet. Hy beplan soveel wonderlike dinge vir elkeen van sy kinders. Die gevaar is dat ons baie keer verskonings uitdink om nie voluit te gaan vir die plan wat Hy vir ons lewens het nie. Ons skryf ons onvermoë om Sy lewe in oorvloed te geniet toe aan ons omstandighede, skedules, verpligtinge en sommer net aan die eerste beste verskoning wat ons in die oomblik aan kan dink. So sal baie dan doelloos draai en voel dat daar geen punt is nie. Amper soos die wat daarin slaag om die suigstokkie tot op sy stok te eet. Die lewe wat die Here egter vir ons beplan verg geen stokkiesdraai nie. Hy wil jou elke dag gebruik tot eer van Sy naam. Hy wil in jou en deur jou Koninkryk bou. Wat is die rede wat jy gebruik om jou van hierdie lewe af te weerhou?

Daar was ook stokkiesdraaiers wat geleef het in die Bybelse tyd. Een spesifieke stokkiesdraaier het vir 38 jaar lank langs die bad van Betesda gesit en wag vir dinge om te gebeur. Hy was so siek, dat hy gekies het om net daar te sit en te kyk vir die mense wat verby hom stap na die bad toe. 'n Mens kan wonder wat het veroorsaak dat die man net opgehou probeer het om in die bad te kom. Was hy al soveel keer teleurgestel, dat dit hom lam gelaat het in sy hart, of was sy lyf werklik te lam om enige plan te maak? Dalk was hy bang dat ander snaaks van hom gaan dink as hy probeer om in die bad te kom. Dalk was hy te bang om die besluit te maak om iets te doen. Dalk het hy net daar stokkies gedraai in die hoop dat iemand hom sal raaksien en iets doen.....Iemand het hom raakgesien..

*"Wil jy gesond word?"*. Jesus steek sy Hand uit na die man in 'n vriendelike stem. 'n Mens sou dink dat hierdie man na soveel jare se gewag sou uitroep van vreugde as iemand hom hierdie vraag sou vra. In plaas van om ''n hoopvolle "ja!" uit te skree, begin die man 'n hele reeks verskonings vir Jesus te gee oor waarom hy nog nie gehelp is nie.

Jesus het verby die verskonings gekyk en die beloning raakgesien wat Hy in deur gehoorsaamheid vir die man wou gee. "Staan op en loop", beveel Jesus met ''n sagte uitnodiging. Gelukkig het die man nie hierdie keer weer sy verskonings gebruik nie. In hoop het hy gehoorsaam gedoen wat Jesus vra en onmiddellik was hy genees.

Partykeer is ons net sulke stokkiesdraaiers soos die man by Betesda. Hy het gesit en wag om gehelp te word, sonder om te besef dat hy in sy wag ook ander kan help. Toe Jesus Sy Hand na hom uitgesteek het en gevra het of hy genees wou word, het die verskonings in sy pad van genesing gestaan.

Watter verskonings staan in jou pad, dat jy nie Jesus se sagte uitnodiging kan aangryp nie. Die Here ken jou hart, Hy weet tot wat jy in staat is. Miskien is dit tyd om die verskonings waarmee ons stokkiesdraai in Sy Hand te plaas en in gehoorsaamheid te vertrou dat die Here se doel met ons lewe baie groter seën inhou vir onsself en ook vir die rondom ons. Mag jy jou stokkiedraai verskonings ook sommer middeldeur byt om by die kern van God se oorvloed vir jou lewe uit te kom!

# 1. Ontmoet & Groet

**'n Hartlike hallo aan julle dierbare Koubouters!**

Welkom in Kouland, ons eie lekkergoed fabriek. Jong ons het vandag 'n lekker soet boodskap wat wag, so kom ons kry gou onsself gereed met 'n lekker

## Koubouterstrek:

1. Kom ons draai in die rondte en draai en draai en draai en STOP. EN na die ander kant toe draai en draai en draai en stop.

2. Kom ons rol nou lekker ons skouers om en om en om (Aanbieder: oegh nee dankie)

3. Kom ons haal lekker diep asem in 1...2...3.. en asem uit

4. Laaste moet ons bietjie ons knieë teen ons maag trek. Eers die een knie en dan die ander knie.

Daarsy! Laat ek bietjie sien. Nee wat dit lyk of julle nog so bietjie aan die slaap is. Kom ons sing eers bietjie 'n liedjie saam:

**Speel die musiek video en dans saam met die kleuters.**

# 2. Grootgroep Aanbieding

Nou toe, kom ons trek sommer van die begin af weg met 'n lekker soet kompetisie om ons aan die gang tre kry. Voor ons begin, steek gou vir my jou hand op as jy iemand is wat 'n suigstokkie sommer dadelik begin byt om by sy lekker soet binnekant uit te kom, want jy kan nie heeltyd hom so in jou mond draai en draai en draai nie. En wie van julle kan ''n suigstokkie draai en draai en draai 'n jou mond en hom suig en suig tot jy by die stokkie uitkom?

(Kleingroep leiers deel vir elke kleuter ''n suigstokkie uit wat reeds oopgemaak is.)

Kom ons kyk wie kan hierdie suigstokkie suig tot hy heeltemal klaar is. Jy mag hom glad nie byt nie, dan val jy uit die kompetisie uit. Sjoe, dit is ''n moeilike

een. Ek wil hom dadelik byt dat ek by sy lekker soet binnekant kan uitkom. Dit is nie lekker om die stokkie so te draai en draai en draai nie.

Haai, dink ek nou aan die woord stokkies draai. Het julle geweet as iemand sê jy is besig om stokkies te draai, dat jy besig is om weg te bly van iets wat jy eintlik moet doen. Eintlik is stokkiesdraai baie soos om ongehoorsaam te wees. Wie weet wat beteken dit om ongehoorsaam te wees? (laat kleuters toe om te antwoord.)

Ja, om ongehoorsaam te wees beteken ook jy doen ie eintlik wat jy moet doen nie. Baie keer gebruik ons verskonings om ongehoorsaam te wees. Kom ons dink aan ''n paar voorbeelde:

1. Jou ma vra vir jou om haar te help om die goed uit die kar te dra, maar jy is nie lus nie, so nou sê jy vir haar jou magie voel nie lekker nie. Eintlik is jou magie reg, jy wil net nie help nie. Wie kan aan nog voorbeelde dink? (Laat kleuters toe om nog voorbeelde te noem)

Maats, dit is nie baie mooi om ongehoorsaam aan ons ouers te wees nie. Onthou, hulle wil jou help om mooi te leer, sodat jy ''n mooi hartjie sal hê. Weet julle wat is nog meer belangrik as om vir mamma en pappa te luister? (laat kleuters toe om te antwoord) Om vir Jesus te luister.

Maatjies, het julle geweet hier in die Bybel (wys Bybel vir kleuters) Leer ons van baie dinge wat Jesus vir ons vra om te doen. Wie kan aan ''n paar dinge dink wat die Bybel vir ons leer om te doen:

(tel die 3 opdragte wat op suigstokkies gedruk is op en hou dit in die lug soos wat jy elkeen opnoem)

1. Ons moet vir Jesus ken en lief wees
2. Ons moet goed wees vir ander mense
3. Ons moet mekaar vergewe

Daar is nog baie sulke voorbeelde, maar ons wil dit nie altyd doen nie, want dit is harde werk en ons is nie altyd lus om dit te doen nie. Weet julle wat gebeur dan? Dan begin ons stokkies draai. Nee nee, nie regte stokkiesdraai nie. Ons kan dit ook seker doen (draai die stokkies soos wat jy nou weer oor elke voorbeeld praat) Die stokkiesdraai waarvan ek praat is dat ons kies om nie gehoorsaam te wees aan dit wat ons moet doen nie. Ons dink liewer ''n verskoning uit en besluit om nie gehoorsaam te wees nie. Kom ons dink aan verskonings wat ons gebruik vir elkeen van die dinge wat die Bybel vir ons leer om te doen:

| | |
|---|---|
| Ons moet vir Jesus ken en lief wees | Ons kan maar eers wag tot ons grootmense is om vir Jesus te ken en lief te wees |
| Ons moet goed wees vir ander mense | Daar is ander mense wat beter is as ek om te sorg vir die mense. |
| Ons moet mekaar vergewe | Ek het te seergekry om te vergewe. Die ander maat moet eerste jammer sê |

Man julle is baie slim. My kop is nou sommer weer plat teen die dak vas gedink. Kom ons spring gou op dan gaan haal ons ons koppe:

*Kom ons gaan haal ons wakker koppies daar heel bo teen die dak (Haal lekker diep asem as jy die dak raak) en ons bring hulle bietjie af na onder toe om te kom rus (asem uit soos wat jy jou tone raak) – herhaal proses tot jy sien kleuters is weer rustig en gereed om verder te luister.*

Man, daar het ek nou sommer aan iets gedink. Kan ek julle vertel van iemand in die Bybel wat ook so bietjie verskonings uitgedink het.

(haal feltbord uit en sit karakters daar teen vas soos wat jy vertel)

Daar was 'n man wat vir 38 jaar lank siek was. Sjoe, dit is 'n baie lang tyd né. Van julle mammas en pappas is nog nie eers 38 jaar oud nie. Die man het elke dag gesit en gewag en gewag en gewag daar langs die deur van 'n groot swembad met die naam Betesda. Shame, hy wou seker bietjie skoonwas om beter te voel. Wie van julle voel ook lekker skoon en gesond nadat jy ''n lekker warm bad of stort gevat het. Ek dink dit was die man se plan, maar hy het net daar voor die deur gesit. Hy het gehoop dat iemand hom sal raaksien en sal help.

Toe, op ''n dag steek iemand hulle Hand uit na die man toe. Dit is Jesus! "wil jy gesond word?' vra Jesus in 'n vriendelike stem.

Maatjies, wat dink jy was die man se antwoord to Jesu vir hom gevra het of hy gesond wil word? (laat kleuters toe om te antwoord)

Kan julle glo! Toe Jesus die man vra of hy gesond wil word, toe gee die man ''n hele lys vol verskonings oor hoekom hy nie gesond is nie (vat opgerolde papier en rol dit af soos ''n lang lys)

Die swembad is te vêr om te gaan was

Die mense druk voor my in.

Niemand wil my help nie.

Gelukkig het Jesus nie kwaad geword vir die man nie. Jesus was lief vir die man en wou hom graag help. "tel jou goed op en loop" het Jesus vir hom gesê.

Gelukkig het die man toe besluit om gehoorsaam te wees. En weet julle wat? Die man kon loop! Man ek dink hy was so opgewonde dat hy sommer dadelik gehardloop het en ''n grooot bommie in die swembad gaan maak het.

Maatjies, ons moenie aan verskonings dink om gehoorsaam te wees nie. Net soos wat pappa en mamma vir jou vra om gehoorsaam te wees sodat y kan leer om ''n mooi hartjie te hê, wil Jesus graag hê dat jy gehoorsaam aan Hom ook sal wees. Ons moenie verskonings uitdink oor hoekom ons nie doen wat die Bybel vir ons leer om te doen nie. Jesus steek ook Sy Hand uit na jou toe. Hy wil jou help. Kom ons kie som gehoorsaam te wees. Spring gou op dan sê julle saam met my:

**Ek sal altyd wonder en raai**
*(maak eers een hand oop voor jou en dan die ander hand)*
**As ek my in verskonings toe wil draai**
*(draai in die rondte)*
**Jesus se plan vir my lewe is groot,**
*(maak arms oop soos kruis)*
**As ek gehoorsaam kies**
*(wys met beide wysvingers na ore)*
**Om aan Hom te behoort.**
*(plaas beide hande op hart)*

Wonderlik, julle sê dit so mooi. Kom ons sê dit sommer nog 'n paar keer.

Laat ons nou sien. Wie van julle het nog nie aan julle suigstokkie gebyt nie? Gelukkig kan ons stokkiesdraai hou vir suigstokkies eet. Ons moenie draai en draai en draai met verskonings en ongehoorsaam wees aan wat Jesus vir ons vra om te doen nie. Jesus kan ons lewe gebruik om Sy lig te skyn, maar dan moet ons kies om gehoorsaam te wees.

Dankie, vir julle saamleer vandag maats! Kom ons gaan doen 'n kunsie om hierdie boodskap te onthou.

# 3. Kleingroep aanbieding:

*Sê die volgende in jou eie woorde:* Gelukkig kan ons stokkiesdraai hou vir suigstokkies eet. Ons moenie draai en draai en draai met verskonings en ongehoorsaam wees aan wat Jesus vir ons vra om te doen nie. Jesus kan ons lewe gebruik om Sy lig te skyn, maar dan moet ons kies om gehoorsaam te wees.

## 1. Stokkiesdraai verskonings Fraai:

Maatjies, ons moenie aan verskonings dink om gehoorsaam te wees nie. Net soos wat pappa en mamma vir jou vra om gehoorsaam te wees sodat y kan leer om ''n mooi hartjie te hê, wil Jesus graag hê dat jy gehoorsaam aan Hom ook sal wees. Ons moenie verskonings uitdink oor hoekom ons nie doen wat die Bybel vir ons leer om te doen nie. Jesus steek ook Sy Hand uit na jou toe. Hy wil jou help. Kom ons kies om gehoorsaam te wees. Spring gou op dan sê julle saam met my:

**Ek sal altyd wonder en raai**
*(maak eers een hand oop voor jou en dan die ander hand)*
**As ek my in verskonings toe wil draai**
*(draai in die rondte)*
**Jesus se plan vir my lewe is groot,**
*(maak arms oop soos kruis)*
**As ek gehoorsaam kies**
*(wys met beide wysvingers na ore)*
**Om aan Hom te behoort.**
*(plaas beide hande op hart)*

### Instruksies:

1. Deel vir elke kleuters ''n stokkiesdraai verskonings fraai aktiwiteitsvell uit
2. Deel vir elke kleuter 3 toutjies uit
3. Help die kleuters om die opdrag wat die Bybel gee met die verskonings wat ons gebruik te pas.
4. Gesels oor elkeen van die verskonings

## 2. Die (suig) stokkie draaier by die bad van Betesda

Gelukkig het Jesus nie kwaad geword vir die man nie. Jesus was lief vir die man en wou hom graag help. "tel jou goed op en loop" het Jesus vir hom gesê. Gelukkig het die man toe besluit om gehoorsaam te wees. En weet julle wat? Die man kon loop! Man ek dink hy was so opgewonde dat hy sommer dadelik gehardloop het en ''n grooot bommie in die swembad gaan maak het.

Gesels nou oor die voglende:

1. Wat is 'n verskoning?
2. Waarom maak ons verskonings?
3. Waarom is dit belangrik om gehoorsaam te wees aan mamma en pappa?
4. Waarom is diet belangrik om gehoorsaam te wees aan Jesus
5. Waar kan ons meer leer oor die dinge wat Jesus wil hê ons moet doen?
6. Wat sal gebeur as ons gehoorsaam is aan Jesus?

Dankie dat jy vandag se les spesiaal gemaak het!


Naam:..............................................

# Stokkiesdraai, verskonings fraai:

Jesus steek Sy Hand na jou uit,
maar jy draai liewers in verskonings vêr en wyd.
Ek is te besig, ek is te moeg,
Ek het my deel gedoen, dit is nou genoeg.
Ek moet eers groot wees, ek sal weer luister,
Môre is beter, glo ek myself wyser.
Dag na dag draai ek vas my verskonings,
terwyl die Here reg staan met 'n Hemelse beloning.
Hy het 'n beter pad vir jou as Sy kind,
So hou op verskonings maak
En kom tot die PUNT!

## Verskonings wat ek gebruik, om nie die gehoorsaam te wees nie.

| | |
|---|---|
| Jesus wil hê ons moet Hom ken en vir Hom lief wees | Ek het te seergekry. Die ander maat moet eerste jammer sê, dan sal ek vergewe |
| Jesus wil hê ons moet goed wees vir ander mense | Daar is mense wat baie beter is as ek om goed te wees vir mense |
| Jesus wil hê ons moet mekaar vergewe | Net grootmense weet hoe om Jesus te ken en vir Hom lief te wees |



Naam:.............................................

# Kouland Episode 4: Die (suig) stokkiesdraaier by Betesda

38 Jaar siek en sat,
Wag 'n man by Betesda
vir sy beurt om te bad.
'Wil jy gesond word meneer'
vra 'n vriendelike stem.
Ek sou graag wou',
niemand wil my help swem.
Goeie hulp is daar so min van gesaai,
begin die man hom veilig in verskonings toedraai.
'Nou staan op en loop', nooi Jesus hom uit,
vol hoop is hy gehoorsaam en stap toe self daar uit!
Partykeer is ons ook soos die man by die bad,
met verskonings pluk ons ook vir onsself eie lat.
Die Here steek elke dag Sy Hand na jou uit,
Om jou gewillig vir Sy Koninkryk te gebruik.
Watter verskoning draai jy veilig voor jou oop,
wat jou keer om die Here se pad vir jou te loop?

Johannes 5:1-17



**Ek sal altyd wonder en raai**
*(maak eers een hand oop voor jou en dan die ander hand)*
**As ek my in verskonings toe wil draai**
*(draai in die rondte)*
**Jesus se plan vir my lewe is groot,**
*(maak arms oop soos kruis)*
**As ek gehoorsaam kies**
*(wys met beide wysvingers na ore)*
**Om aan Hom te behoort.**
*(plaas beide hande op hart)*

# Kouland 2 : Familie Studie

## Dierbare Koubouters Skatte!

Dit was omtrent 'n bedrywige dag in die fabriek vandag gewees. Vandag het ons geleer dat ons uitmis op die lewe wat God vir ons beplan as ons verskonings uitdink om nie gehoorsaam te wees nie. Geniet hierdie kosbare les saam met jou mense.

## Koubouter Koukis:

## Ysbreker:

Deel vir elke kind ''n suigstokkie uit. Die uitdaging is om te probeer kyk of julle die suigstokkie kan suig tot hy op is. As jy die suigstokkie byt, dan val jy uit die kompetisie uit. 'n Mens kry mos van daar mense wat 'n suigstokkie tot op sy stok sal kan eet. Dan kry mens ander wat glad nie die gedraaiery vir so lank kan aanhou nie. In die middel van die stokkiedraai, byt hul hom sommer middeldeur om by die punt te kom. Gelukkig kan ons stokkiesdraai hou vir suigstokkies eet. Ons moenie draai en draai en draai met verskonings en ongehoorsaam wees aan wat Jesus vir ons vra om te doen nie. Jesus kan ons lewe gebruik om Sy lig te skyn, maar dan moet ons kies om gehoorsaam te wees.

1. Kyk na die voorbeelde van verskonings wat ons gebruik wat op die aktiwitetisvel voorsien word. Gesels oor elkeen van die verskonings.

Daar was ook stokkiesdraaiers wat geleef het in die Bybelse tyd. Een spesifieke stokkiesdraaier het vir 38 jaar lank langs die bad van Betesda gesit en wag vir dinge om te gebeur. Hy was so siek, dat hy gekies het om net daar te sit en te kyk vir die mense wat verby hom stap na die bad toe. 'n Mens kan wonder wat het veroorsaak dat die man net opgehou probeer het om in die bad te kom. Was hy al soveel keer teleurgestel, dat dit hom lam gelaat het in sy hart, of was sy lyf werklik te lam om enige plan te maak? Dalk was hy bang dat ander snaaks van hom gaan dink as hy probeer om in die bad te kom. Dalk was hy te bang om die besluit te maak om iets te doen. Dalk het hy net daar stokkies gedraai in die hoop dat iemand hom sal raaksien en iets doen.....Iemand het hom raakgesien..

**Gesels oor die volgende:**

2. Wat is 'n verskoning?
3. Waarom maak ons verskonings?
4. Waarom is dit belangrik om gehoorsaam te wees aan mamma en pappa?
5. Waarom is diet belangrik om gehoorsaam te wees aan Jesus
6. Waar kan ons meer leer oor die dinge wat Jesus wil hê ons moet doen?
7. Hoe kan ons ''n suigstokkie en die verhaal van die man by die Bad van Betesda gebruik om iemand te help wat verskonings wil maak:

**Ek sal altyd wonder en raai**
*(maak eers een hand oop voor jou en dan die ander hand)*
**As ek my in verskonings toe wil draai**
*(draai in die rondte)*
**Jesus se plan vir my lewe is groot,**
*(maak arms oop soos kruis)*
**As ek gehoorsaam kies**
*(wys met beide wysvingers na ore)*
**Om aan Hom te behoort.**
*(plaas beide hande op hart)*



Dankie, vir julle saamleer vandag. Fluit-fluit ons kuier is uit, gaan versprei nou hierdie geloofsles vêr en wyd!

Skryf iemand se naam neer met wie jy hierdie boodskap gaan deel: ...........................................................................

**Suigstokkie – Stokkiesdraai:**

Jesus steek Sy Hand na jou uit,
maar verskonings lê weer vêr en wyd.
Ek is te besig, ek is te moeg,
Ek het my deel gedoen, dit is nou genoeg. Ek moet eers groot wees, ek sal weer luister, môre is beter, glo ek myself wyser. Dag na dag draai ek vas my verskonings, terwyl die Here reg staan met 'n Hemelse beloning.
Hy het 'n beter pad vir jou as Sy kind,
So hou op verskonings maak
en kom tot die PUNT!

Gaan lees die raad wat Jeremia 29:11-13 gee

**Suigstokkie – Stokkiesdraai:**

Jesus steek Sy Hand na jou uit,
maar verskonings lê weer vêr en wyd.
Ek is te besig, ek is te moeg,
Ek het my deel gedoen, dit is nou genoeg. Ek moet eers groot wees, ek sal weer luister, môre is beter, glo ek myself wyser. Dag na dag draai ek vas my verskonings, terwyl die Here reg staan met 'n Hemelse beloning.
Hy het 'n beter pad vir jou as Sy kind,
So hou op verskonings maak
en kom tot die PUNT!

Gaan lees die raad wat Jeremia 29:11-13 gee

**Suigstokkie – Stokkiesdraai:**

Jesus steek Sy Hand na jou uit,
maar verskonings lê weer vêr en wyd.
Ek is te besig, ek is te moeg,
Ek het my deel gedoen, dit is nou genoeg. Ek moet eers groot wees, ek sal weer luister, môre is beter, glo ek myself wyser. Dag na dag draai ek vas my verskonings, terwyl die Here reg staan met 'n Hemelse beloning.
Hy het 'n beter pad vir jou as Sy kind,
So hou op verskonings maak
en kom tot die PUNT!

Gaan lees die raad wat Jeremia 29:11-13 gee

**Suigstokkie – Stokkiesdraai:**

Jesus steek Sy Hand na jou uit,
maar verskonings lê weer vêr en wyd.
Ek is te besig, ek is te moeg,
Ek het my deel gedoen, dit is nou genoeg. Ek moet eers groot wees, ek sal weer luister, môre is beter, glo ek myself wyser. Dag na dag draai ek vas my verskonings, terwyl die Here reg staan met 'n Hemelse beloning.
Hy het 'n beter pad vir jou as Sy kind,
So hou op verskonings maak
en kom tot die PUNT!

Gaan lees die raad wat Jeremia 29:11-13 gee

**Suigstokkie – Stokkiesdraai:**

Jesus steek Sy Hand na jou uit,
maar verskonings lê weer vêr en wyd.
Ek is te besig, ek is te moeg,
Ek het my deel gedoen, dit is nou genoeg. Ek moet eers groot wees, ek sal weer luister, môre is beter, glo ek myself wyser. Dag na dag draai ek vas my verskonings, terwyl die Here reg staan met 'n Hemelse beloning.
Hy het 'n beter pad vir jou as Sy kind,
So hou op verskonings maak
en kom tot die PUNT!

Gaan lees die raad wat Jeremia 29:11-13 gee

**Suigstokkie – Stokkiesdraai:**

Jesus steek Sy Hand na jou uit,
maar verskonings lê weer vêr en wyd.
Ek is te besig, ek is te moeg,
Ek het my deel gedoen, dit is nou genoeg. Ek moet eers groot wees, ek sal weer luister, môre is beter, glo ek myself wyser. Dag na dag draai ek vas my verskonings, terwyl die Here reg staan met 'n Hemelse beloning.
Hy het 'n beter pad vir jou as Sy kind,
So hou op verskonings maak
en kom tot die PUNT!

Gaan lees die raad wat Jeremia 29:11-13 gee

**Suigstokkie – Stokkiesdraai:**

Jesus steek Sy Hand na jou uit,
maar verskonings lê weer vêr en wyd.
Ek is te besig, ek is te moeg,
Ek het my deel gedoen, dit is nou genoeg. Ek moet eers groot wees, ek sal weer luister, môre is beter, glo ek myself wyser. Dag na dag draai ek vas my verskonings, terwyl die Here reg staan met 'n Hemelse beloning.
Hy het 'n beter pad vir jou as Sy kind,
So hou op verskonings maak
en kom tot die PUNT!

Gaan lees die raad wat Jeremia 29:11-13 gee

**Suigstokkie – Stokkiesdraai:**

Jesus steek Sy Hand na jou uit,
maar verskonings lê weer vêr en wyd.
Ek is te besig, ek is te moeg,
Ek het my deel gedoen, dit is nou genoeg. Ek moet eers groot wees, ek sal weer luister, môre is beter, glo ek myself wyser. Dag na dag draai ek vas my verskonings, terwyl die Here reg staan met 'n Hemelse beloning.
Hy het 'n beter pad vir jou as Sy kind,
So hou op verskonings maak
en kom tot die PUNT!

Gaan lees die raad wat Jeremia 29:11-13 gee

**Suigstokkie – Stokkiesdraai:**

Jesus steek Sy Hand na jou uit,
maar verskonings lê weer vêr en wyd.
Ek is te besig, ek is te moeg,
Ek het my deel gedoen, dit is nou genoeg. Ek moet eers groot wees, ek sal weer luister, môre is beter, glo ek myself wyser. Dag na dag draai ek vas my verskonings, terwyl die Here reg staan met 'n Hemelse beloning.
Hy het 'n beter pad vir jou as Sy kind,
So hou op verskonings maak
en kom tot die PUNT!

Gaan lees die raad wat Jeremia 29:11-13 gee

**Suigstokkie – Stokkiesdraai:**

Jesus steek Sy Hand na jou uit,
maar verskonings lê weer vêr en wyd.
Ek is te besig, ek is te moeg,
Ek het my deel gedoen, dit is nou genoeg. Ek moet eers groot wees, ek sal weer luister, môre is beter, glo ek myself wyser. Dag na dag draai ek vas my verskonings, terwyl die Here reg staan met 'n Hemelse beloning.
Hy het 'n beter pad vir jou as Sy kind,
So hou op verskonings maak
en kom tot die PUNT!

Gaan lees die raad wat Jeremia 29:11-13 gee

**Suigstokkie – Stokkiesdraai:**

Jesus steek Sy Hand na jou uit,
maar verskonings lê weer vêr en wyd.
Ek is te besig, ek is te moeg,
Ek het my deel gedoen, dit is nou genoeg. Ek moet eers groot wees, ek sal weer luister, môre is beter, glo ek myself wyser. Dag na dag draai ek vas my verskonings, terwyl die Here reg staan met 'n Hemelse beloning.
Hy het 'n beter pad vir jou as Sy kind,
So hou op verskonings maak
en kom tot die PUNT!

Gaan lees die raad wat Jeremia 29:11-13 gee

**Suigstokkie – Stokkiesdraai:**

Jesus steek Sy Hand na jou uit,
maar verskonings lê weer vêr en wyd.
Ek is te besig, ek is te moeg,
Ek het my deel gedoen, dit is nou genoeg. Ek moet eers groot wees, ek sal weer luister, môre is beter, glo ek myself wyser. Dag na dag draai ek vas my verskonings, terwyl die Here reg staan met 'n Hemelse beloning.
Hy het 'n beter pad vir jou as Sy kind,
So hou op verskonings maak
en kom tot die PUNT!

Gaan lees die raad wat Jeremia 29:11-13 gee